

Zithulele 2021



Algemeen:

Vir ons 2021 besoek aan Zithulele gaan ons saam dien op drie praktiese maniere:

1. *Instandhouding van die pastorie en kerk se kombuis.*
2. *Winterskool vir die graad 11's by Seaview Hoërskool in spesifiek Wiskunde, Natuurwetenskap, Lewenswetenskap (Biologie) asook Engels.*
3. *Verhoudingsbou deur o.a. huisbesoeke.*

Vinnige Feite:

- *Koste R1500 pp.*
- *Vertrek: 10 Julie 2021, 04:00 vanaf Kenridge Gemeente.*
- *Terugkeer: 19 Julie 2021, ±18:00 by Kenridge Gemeente.*

Benodighede:

Ons gaan ongelukkig nie in ster-gegradeerde akkommodasie bly nie en jy gaan 'n klompie goed moet saambring om dit vir jou so gemaklik as moontlik te maak.

Dit is die Wildekus, so temperature is matig in die dag (dat ons selfs in die see kan swem) en koel in die nag. Wees voorbereid op 'n koue front wat dit koud kan maak terwyl ons daar is.

Die volgende is baie belangrik:

	<i>Warm klere</i>		<i>Ou klere (wat kan vuil word)</i>
	<i>Gemaklike skoene</i>		<i>Kerklere (en skoene)</i>
	<i>Toiletware (Handerom & Toilet papier ook)</i>		<i>Eetgerei</i>
	<i>Kussing, Slaapsak & Kombers</i>		<i>Hoed + sonbrandroom</i>
	<i>Opblaasmatras (Indien jy het)</i>		<i>Flits</i>
	<i>Tent (Jy kan deel as jy wil)</i>		<i>Bybel & Skryfgoed (Pen & Papier)</i>

Vervoer:

Ons wil die kostes so laag as moontlik hou en reël daarom ook vervoer onder die uitreikers met motors. Ons ry die hele pad teerpad, in konvooi. Die inskrywingsgeld en borge dek onder andere die brandstof, so die kostes is nie op die eenaar van die voertuig nie.

Ons vertrek Saterdag **10 Julie om 04:00 vanaf die Kenridge kerk**. Ons pak wel reeds Vrydagaand die voertuie en sleepwaens. Ons ry die hele pad met die N2 en slaap oor in Port Alfred by die NG Kerk oor. Daarna vertrek ons vroeg die volgende dag na Zithulele.

Kos:

Ons voorsien alle etes waar ons oorslaap en in Zithulele. Jy is egter verantwoordelik vir jou eie padkos. Dit is egter belangrik dat jy enige kos-verwante allergie of dieet vereistes op die inskrywingsvorm aandui om dit in die spyskaart in te reken.

Betalings:

Bankbesonderhede:

Bank: FNB Tjekrekening: 62622466458

Takkode: 250655 (Willowbridge)

Rekening naam: NG Gemeente Kenridge

Verwysing: Zithulele/ Naam (Bv. Zithulele/Wynand)

E-pos asseblief die bewys van betaling na Teresa Visser in die kerkkantoor
ontvangs@ngkenridge.co.za

Navrae:

Ds. Melanie Thirion

Sel/ Whatsapp: 072 286 3333

E-pos: Melanie@ngkenridge.co.za

Inskrywing- & Vrywaringsvorm:

Uitreiker naam & van: _____
Uitreiker selnommer: _____
Uitreiker e-posadres: _____
Uitreiker se adres: _____

Sal jy kan help met vervoer?
Sal jy vir ons 'n sleepwa kan leen?

Ja	<input type="checkbox"/>	Nee	<input type="checkbox"/>
Ja	<input type="checkbox"/>	Nee	<input type="checkbox"/>

Waar sal jy graag wil dien?

Winterskool	<input type="checkbox"/>
Bouspan	<input type="checkbox"/>
Besoeke	<input type="checkbox"/>
Kosspan	<input type="checkbox"/>

Belangrike Besonderhede:

Mediese besonderhede:	
Mediese fonds:	
Mediese fonds nommer:	
Opsie:	
Afhanklike Geboortedatum:	
Hooflid:	
Hooflid ID:	
Hooflid se kontakbesonderhede	
E-posadres:	
Telefoon (H):	
Selfoon:	
Huisadres:	

Verklaring en toestemming:

Hiermee verklaar ek (**Uitreiker** se volle voorletters en van),

dat ek kennis neem van die aktiwiteite, soos vervat in die inligtingstuk en dat ek op eie risiko gaan deelneem aan die Zithulele Uitreik tydens die bovermelde datums. **Ek verklaar hiermee dat ek bewus is dat daar gevare bestaan weens my deelname en die aard van die uitreik.** Daarom vrywaar ek die NG Kerk Kenridge, alle werknemers (deeltyds en/of voltyds), vrywilligers asook onafhanklike diensverskaffers van enige aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat mag voortspruit weens deelname aan die Zithulele Uitreik tydens bovermelde datums op grond van die volgende voorwaardes:

1. Die leiers sal die nodige veiligheidsmaatreëls tref, dit kommunikeer, daarby hou, dat ek my van sodanige maatreëls vergewis en vroegtydig beswaar sal aanteken, indien nodig; enige Uitreiker wat buite die maatreëls optree dra self verantwoordelikheid vir enige verlies of skade as gevolg daarvan.
2. Die leiers kan die genoemde program ter enige tyd aanpas soos deur die situasie vereis word, sonder konsultasie met Uitreikers.
3. Die Uitreikers sal alle wettige opdragte gehoorsaam en enige Uitreiker wat buite die genoemde opdragte optree dra self verantwoordelikheid vir enige verlies of skade as gevolg daarvan.
4. Dat my deelname aan die Zithulele Uitreik op eie uitsluitlike risiko plaasvind.

In ooreenstemming met die bg. verklaring moet die leiers bewus wees van die volgende:

Kroniese mediese toestand:

Medikasie (voorskrif, asma pompies, ens.)

Enige allergieë (Kos, medikasie, natuurlik, ens.):

Enige kos-verwante versoeke:

Hiermee verklaar ek as Uitreiker dat ek die bg. vrywaring verstaan en my daaraan onderwerp.

Handtekening (Uitreiker)

Uitreiker onder 18 jaar oud:

Hiermee verklaar ek: (Ouer/voog se volle voorletters & van): _____

_____ ID Nommer: _____

As ouer/voog van bovermelde Uitreiker dat ek:

- 1. bewus is van die aard van die Zithulele Uitreik soos in die inligtingstuk hierbo vervat is en ek gee toestemming vir my kind se deelname;**
- 2. die bg. verklaring onderskryf en dat die inligting hierbo waar en korrek is.**
- 3. met my handtekening waarborg ek dat ek, inderdaad, die ouer/voog van bogemelde kind is.**

Handtekening (Ouer/Voog)

Datum